AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

SEDERT 1920

21 Mei 2019

REËLINGS VIR VRYDAG EN SATERDAG

Geagte Ouers

Weens die presidensiële inhuldiging wat eerskomende Saterdag by Loftus Versfeld plaasvind, moes die skool noodgedwonge vele wysigings aan ons skoolprogram en die buitemuurse program aanbring.

Let asseblief op die volgende sake:

1. As gevolg van die paaie om Loftus Versfeld wat Vrydagmiddag om 15:00 sluit, sal die skool Vrydag om 10:30 verdaag. U word dringend versoek om reëlings te tref sodat u seun(s) vroegtydig opgelaai kan word. Geen voertuie sal na 15:00 naby die skool toegelaat word nie.

2. Die buitemuurse bepaling teen Jeppe Boys' High was geskeduleer as 'n tuisbepaling. Die Gautengse Onderwysdepartement het ons egter opdrag gegee om hierdie bepaling te verskuif. Alle sport vind dus Vrydag en Saterdag by Jeppe plaas. Hou asseblief die sportprogramme dop vir verdere inligting.

3. Die volgende spanne sal die naweek in aksie wees teen Jeppe:

   Rugby: 1e, 2e, 3e, 5e, 8e, 9e, onder 16A, B, D en F, onder 15A, B, C, E en F, en onder 14 A, B, C, E en F. Die onder 16C's speel ook 'n wedstryd, maar nie by Jeppe nie.

   Hokkie: die spanne wat reeds Vrydag speel is onder 14A en B, Onder 16A, C, D en F, en 3e en 4e spanne.

   Saterdag speel onder 14C en D, sowel as onder 16B, en 1e, 2e en 5e spanne.

   Die volledige program vir bogenoemde sport volg so gou moontlik.

   Seuns word versoek om sover moontlik saam met ouers na Jeppe te reis. Indien dit egter nie moontlik is nie, sal daar busvervoer vanaf Pretoria-klub verskaf word.

U word versoek om so gou moontlik afrigters in kennis te stel indien u seun vervoer benodig.

Ons vra om verskoning vir enige ongerief. Hierdie is egter nie 'n kwessie waarin ons enige keuse het nie.

Baie dankie vir u begrip.

Vriendelike groete

PW Joynt